Leipie Nuus

11-15 FEBRUARIE 2019

Nommer 5/2019

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 11 Februarie

Voortrekkers:	Byeenkoms om 17:00 - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Netbal:	Proewe o/13 vanaf 15:00
Bulletjierugby:	Oefening vanaf 17:30-18:30
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Atletiek:	Oefening vanf 14:00-15:00 (**slegs cluster atlete**)

Di 12 Februarie

Netbal:	Proewe o/12 vanaf 15:00
Atletiek:	Oefening vanf 14:00-15:00 (**slegs cluster atlete**)
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30

Wo 13 Februarie

Koor:	Oefening Jnr koor vanaf 13:45-14:30 in Me Coetzee se klas Oefening Snr koor vanaf 14:00-15:00 in saal
Skaak:	Sosiale skaak Me Booyse se klas
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Atletiek:	Oefening vanf 14:00-15:00 (**slegs cluster atlete**)
Bulletjierugby:	Oefening vanaf 17:30-18:30

Do 14 Februarie

Atletiek:	Clusterbyeenkoms
Landloop:	Bulte oefening in Aletheastr om 16:30

Vry 15 Februarie

Koor:	Snr koorkamp vanaf Vrydag 15 Februarie – Sondag 17 Februarie
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Valentynsdag:	Leerders trek gewone klere aan
Leipie Omgee:	Kos insameling

Sa 16 Februarie

UIT DIE KANTOOR:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adresse: **finansies@louisleipoldt.co.za, debiteure@louisleipoldt.co.za**
10% korting vir skoolgeld wat teen **1 Maart** ten volle vereffen word.

BELANGRIKE DATUMS:
10 Februarie: Biddag vir onderwysers. 18:30 Doornkloof Familiekerk. Leoniestr 143 Doringkloof
15 Februarie: Valentynsdag. Leerders trek gewone klere aan
15-17 Februarie: Snr Koorkamp
18 Februarie: Interklas rugby en netbal
8 Maart: Pa en seun oorslaap
13 Maart: Lofprysing – alle Gr 4-7 maats en hul maats welkom

VALENTYNSDAG:
Op 15 Februarie vier ons Valentynsdag. Leerders kan gewone klere aantrek – rooi/wit/pienk. Moet asb nie nuwe uitrustings spesiaal aankoop nie.

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Ouer moet asb nie leerders wat in die oggende laat is net aflaai nie. Leerders moet by die kantoor aanmeld, en ouers moet asb die leerders kom inteken. Leerders ontvang 'n briefie wat aan die registeronderwyser gegee moet word as bewys dat hulle by die kantoor was.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Atletiek: Baie geluk aan al die atlete wat mooi presteer het tydens die Wyksport.
Aksienetbal: Shanike Jordaan- span wen liga en goue medalje.
Stoei: Laker Grünenfelder- Rooi/Blou toernooi – medalje.
Luggeweer: Stiaan Grünenfelder- o/13 .22 skiet tabelle goud, o/13 veerluggeweer brons.
Werni Grünenfelder- o/13 veerluggeweer silwer, o/13 .22 skiet tabelle brons.
Skaak: Stiaan Grünenfelder- Spur Team Chess toernooi – Senior A skaakspan wen die liga.
Werni Grünenfelder- Spur Team Chess toernooi – Senior B skaakspan 3de in toernooi.
Fietswedren: Amoné Roux- Ottosdal Draf en Trap – voltooi 20km en ontvang medalje.
Stapwedren: Renské Roux- Ottosdal Draf en Trap – voltooi 5km en ontvang medalje.

INDIVIDUELE FOTO'S:
Vormpie met 'n voorbeeld van die foto asook 'n unieke fotokode is Vrydag 1 Februarie uitgegee. Pakket @ R120-00. **Asb GEEN betaling in die skool se rekening nie. Betaling moet geskied soos op fotograwe se webblad en nie soos voorheen na fotograwe se rekening nie.** Indien die vormpie met nommer verlore raak, kontak asb registeronderwyser/es vir die nommer.

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie. Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word). By graad R – 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem. In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Die nuwe D6 kommunikeerder toepassing is op Vrydag 1 Februarie vrygestel. Volg asb die skakel wat aan elke ouer gestuur is. Dit neem u na die "Appstore" waar u dan met die "token" wat deel van die skakel is moet registreer. Die nuwe toepassing word gebruik vir alle toekomstige kommunikasie. Die ou weergawe sal binnekort nie meer van toepassing wees nie.

2019 – Leipie waardejaar

LEIPIES: Eerlikheid – *As jy die waarheid praat hoef jy nie altyd te probeer onthou wat jy gesê het nie.*
Mark Twain (1835-1910)

L/S LOUIS LEIPOLDT SKOOLKLEREVERSKAFFERS
L Leipoldt Skoolklere: Leipie Hypie
Hervormde Kerk, Napierstraat 103, Lyttelton
Berthie v Genderen - 073 1475705
Maandae – Donderdae 13:30 – 17:30
Saterdae per afspraak

Marethas Skool Uitrusters:
Clubview sentrum, Hoek van Adam Tas en Lytteltonweg, Clubview
012 660 1118
Weeksdae 8:00 – 17:00, Saterdae 8:00 – 13:00

Eduwear (PTY) Ltd:
Krugerlaan 39, Lyttleton
084 721 8701
Flexityd tot 18:30. Whatsapp vir afspraak

TELEFOONOPROEPE VANAF DIE KANTOOR/WAGTYD IN DIE KANTOOR:
Geen leerder mag vanaf die kantoor bel nie. Tref asb reëlings tuis. Ouers moet asb ook nie met leerders reël om in die kantoor te kom wag om hulle 'n sekere tyd af te haal nie. Leerders verloor baie werk sodoende. Indien 'n leerder afgehaal moet word, moet ouers die leerder kom uitteken in die kantoor waarna die leerder dan geroep sal word.

SKAAKAFRIGTING:
Afrigting by Mnr Hans Steyn Dinsdae vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas.
Koste beloop R450-00 per kwartaal.
Navrae – Mnr Steyn 084 567 7410

JUNIOR KOOR:
Naamlys sal Maandag by Me Botha se klas op wees.

GR 4 DOGTERS – IMMUNISASIE:
Die Departement van Gesondheid, in samewerking met die Departement van Onderwys, is tans besig met 'n immunisasie-program waartydens alle Gr 4-dogters die geleentheid gebied word om teen die Menslike Papiloom Virus geïmmuniseer te kan word. Slegs dogters nege jaar en ouer. Die vaksine word in twee doserings toegedien, naamlik op 20 Februarie en die tweede dosis ses maande later, in Augustus of September 2019. Hierdie is 'n **vrywillige** immunisasie-program. Sien asb verdere inligting en toestemmingsvorm soos op skrywe wat aan die leerders uitgedeel is.

REDEVOERING:
Deelnemers moet asb hulle toesprake instuur vir kontrolering.

SLAMPAMPER DRAMA:
Drama oefening het Maandag 4 Februarie begin. Elke leerder moet 'n dun dramaboek hê, 96 bladsye. Die drama oefenrooster moet uitgeknip word en in die dramaboek geplak word op die eerste bladsy.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek.
Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders kan hul moulose-/langmoutrui laat borduur met Gr 7 logo @ R15-00 per trui. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15-00 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)